*Donderdag* **13 Februarie**

**Skrifgedeelte: 1 Petrus 2:1-10**
**Fokusgedeelte: 1 Petrus 2:9 (AFR53)**
**Lewe in Jesus om God te verkondig**

Die ware gelowiges in ons Here Jesus – sy kerk – word vir ons beskryf in vers 9. Wat ’n wonderlike saak om te weet wie jy is in Jesus Christus. Dit is die manier om te verstaan wie die gelowige is – deur Jesus Christus te ken waarin die gelowige ingelyf is, deur ’n ware geloof.

Jesus is die uitverkore hoeksteen van God: Hy is die Een waarop die res van God se kerk-gebou word. Hy is die Priester wat dien deur Homself te offer, sodat daar ’n kerk kan wees. Hy is die Koning wat oor sy kerk regeer. Hy is sonder sonde om die kerk te versoen met God.

Hy is die eniggebore Seun van God, in verbond met die Vader, om die kerk ewig tot die Vader te bring. Hy het gekom om nie net God aan ons te openbaar nie, maar Hom ook te verheerlik. Dit was die vreugde van ons Here Jesus – om sy Vader te eer.

Sal die kerk van ons Here Jesus dan iets anders soek om te wees? Sal die kerk dan ’n ander doel in die lewe kan hê? Sal hulle wat deur ’n ware geloof in Jesus ingelyf is, anders wil wees? Petrus sê die kerk is ’n geslag wat in Christus uitverkies is vanuit ’n wêreldgeslag wat besig is om verlore te gaan. Hulle lewe in die wêreld as plek, maar lewe in Jesus Christus as bron.

Die kerk is mense wat in die wêreld hulleself toewy aan die Hoeksteen van die kerk, waarop hulle lewe hier en ewig gebou word. Hulle stry in die onguns van die tyd, teen die gees van die tyd.

Die kerk is die nuwe volk wat God, in Jesus, vir Homself vergader, uit alle volke, tale en nasies. Die kerk is nie beperk tot een volk en een kultuur nie. Hulle is nie die beste uit die volke nie. Hulle is ewe verlore sondaars wat geheilig en gekoop is deur die kosbare bloed van ons enigste Hoëpriester.

Hierdie uitverkore, geredde, dienende, strydende, heilige kerk-volk, is die ware volk van God wat vernuwe is en geroep is om God te verheerlik. Om ook te verkondig Wie God is, soos ons Here Jesus gedoen het. Doen dit – verkondig Hom wat jou uit die duisternis na die lig geroep het.

*Sing: Psalm 25-1:2, 4*
*Ds. DJ (Dirk) Dykstra (Nigel)*